**BERGRIVIER MUNISIPALITEIT / MUNICIPALITY**

**VISIE:**

**Bergrivier: 'n vooruitstrewende gemeenskap waar almal wil leef, werk, leer en speel op 'n menswaardige manier.**

**VISION:**

**Bergrivier: a prosperous community where all want to live, work, learn and play in a dignified manner.**

**KERN WAARDES / CORE VALUES**

**We are all part of Bergrivier Municipality.**
**We render good services to ensure dignified living to all.**
**We are unashamedly pro-poor.**
**We believe in close innovative partnerships.**
**We believe in social and economic development of our area.**
**We care about our work and our colleagues.**
**We are disciplined.**
**We believe in good relationships.**
**We serve with pride.**

**WAARDE GEDREWE / VALUE DRIVEN**

**2019**

# NOTULE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE VERGADERING GEHOU OP DONDERDAG 14 FEBRUARIE 2019 OM 10:00 IN DIE RAADSAAL, MUNISIPALE KANTORE, PIKETBERG

**TEENWOORDIG:**

**LEDE VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Rdh. RM van Rooy | [DA] | : | Uitvoerende Burgemeester |
| Rdd. SM Crafford | [DA] | : | Uitvoerende Onderburgemeester |
| Rdl. MA Wessels | [DA] | : | Lid van Burgemeesterskomitee |
| Rdl. AJ du Plooy | [DA] | | Lid van Burgemeesterskomitee |

**ANDER RAADSLEDE**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Rdl. J Daniels | [DA] | : | Voorsitter van Korporatiewe Dienste Komitee (Artikel 79) |

**AMPTENARE**

| | | |
|---|---|---|
| Adv. H Linde | : | Munisipale Bestuurder |
| Mnr. JWA Kotzee | : | Direkteur Korporatiewe Dienste |
| Mnr. H Kröhn | : | Direkteur Tegniese Dienste |
| Mnr. DA Josephus | : | Direkteur Gemeenskapsdienste |
| Mnr. M Wüst | : | Direkteur Finansiële Dienste |
| Mev. A van Sittert | : | Bestuurder: Strategiese Dienste |
| Mnr. W Wagener | : | Bestuurder: Beplanning en Omgewingsbestuur |
| Mnr. NJ Scheepers | : | Hoof: Sekretariaat & Rekordsbestuur |
| Me. V Julies | : | Klerk: Komitees |
| Mev. A Lawrence | : | Hoof: Behuising en Nedersettings |
| Mnr. D Baumeester | : | Beampte: Opleiding en Ontwikkeling |
| Mev. A Barry | : | Behuising: Administratiewe Beampte |

***

| | AKSIE |
|---|---|
| **BKN001/02/2019**<br>**<u>OPENING EN VERWELKOMING</u>**<br>Die Hoof: Sekretariaat en Rekordsbestuur open die vergadering met gebed, waarna die Voorsitter almal by die vergadering verwelkom.<br>*** | |
| **BKN002/02/2019**<br>**<u>AANSOEKE OM VERLOF TOT AFWESIGHEID</u>**<br>**3/3/1/4**<br>Interne Ouditeur – oudit opleiding<br>*** | |
| **BKN003/02/2019**<br>**<u>VERKLARING VAN BELANGE INGEVOLGE SKEDULES 1 & 2 (GEDRAGSKODE VIR RAADSLEDE EN AMPTENARE)</u>**<br>**3/3/1/6**<br>Alle Raadslede en Amptenare verklaar individueel dat hulle geen persoonlike belange met betrekking tot die items op die agenda het nie.<br>Die Munisipale Bestuurder lig die Uitvoerende Burgemeesterskomitee in dat die Direkteur van CMAI Architects, Mnr. Geoff Brown, 'n voorlegging sal maak, waartydens sy en die Direkteure die vergadering sal verlaat.<br>*** | |
| **BKN004/02/2019**<br>**<u>BEKRAGTIGING VAN DIE NOTULE VAN VORIGE VERGADERING: DINSDAG 22 JANUARIE 2019</u>**<br>**3/3/2/2**<br>Dat die notule van die vergadering gehou op Dinsdag 22 Januarie 2019 bekragtig word.<br>*** | ***KLERK: KOMITEES (V JULIES)*** |
| **BKN005/02/2019**<br>**<u>SAKE VOORTSPRUITEND UIT VORIGE NOTULE</u>**<br>**3/3/2/2**<br>Geen<br>*** | |
| **BKN006/02/2019**<br>**<u>VERKLARINGS / MEDEDELINGS DEUR DIE VOORSITTER EN MUNISIPALE BESTUURDER</u>**<br>**3/3/1/6**<br>Die Voorsitter wens almal 'n gelukkige Valentynsdag toe saam met hul geliefdes.<br>Die Munisipale Bestuurder lig die vergadering in dat twee dringende items bespreek moet word, naamlik:<br>• Die oprigting van wendy huise en hokstrukture binne Bergrivier Munisipaliteit; en<br>• Holistic vision for agriculture and agroprocessing in Bergrivier Muniscipality: Voorlegging deur die Bestuurder: Strategiese Dienste.<br>Die Voorsitter verwelkom die kandidate wat prakties doen vir die pos: Senior Tikster.<br>*** | |

**BKN007/02/2019**
**<u>ONDERHOUDE MET AFVAARDIGINGS:</u>**
**3/3/1/5**

***(Die Munispale Bestuurder en die Direkteure verlaat die vergadering om 10:10 voordat die voorlegging van Mnr. Brown `n aanvang neem)***

Die spreker gee breedvoerige agtergrond oor sy firma CMAI Architects en verwys na gesprekke wat hulle gevoer het met Provinsiale en Nasionale regering en vertoon visueel die verskillende projekte waarby hul firma betrokke is.

Die onderstaande aspekte word uitgelig in sy voorlegging, naamlik:

- Dat CMAI 30 jaar ervaring het in projekontwerp en projekbestuur;
- Dat hulle wye ervaring het in die koördinering van multi-dissiplinêre projekte;
- Dat gefokus word op die vestiging/volhoubaarheid van lang termyn waarde ten opsigte van eiendomprojekte;
- Dat gefokus word op die byvoeging van sensoriese waarde tot die projekte wat hulle koördineer; en
- Dat hul fokusarea die landelike gebiede van plaaslike owerhede en gebiede buite die stedelike rand (SDF) is.

Vrae/insette/kommentaar word gelewer deur amptenare en die Komiteelede.

Ten slotte bedank die Voorsitter die spreker vir sy voorlegging, waarna hy die vergadering verlaat om 10:50.

***(Die Munisipale Bestuurder en Direkteure sluit aan om 10:55 by die vergadering)***

***

**BKN008/02/2019**
**<u>MOSIES / VRAE</u>**
**3/3/1/1, 3/3/1/2**

Geen

*******

**BKN009/02/2019**
**<u>EERSTE DRINGENDE SAAK VANAF DIE MUNISIPALE BESTUURDER: OPRIGTING VAN WENDY HUISE EN HOKSTRUKTURE BINNE BERGRIVIER MUNISIPALITEIT</u>**
**9/1/2**

*Sien notulering by punt BKN031*

***

**BKN010/02/2019**
**<u>TWEEDE DRINGENDE SAAK VANAF DIE MUNISIPALE BESTUURDER: VOORLEGGING: HOLISTIC VISION FOR AGRICULTURE AND AGROPROCESSING IN BERGRIVIER MUNISCIPALITY</u>**
**9/1/2**

Die Bestuurder: Strategiese Dienste doen ‘n visuele voorlegging en lig die onderstaande aspekte uit, naamlik:

- Dat wye gesprekvoering gedoen is met betrekking tot die huidige statusverslag;
- Dat eksterne befondsing bekom is vanaf die Departement Handel en Nywerheid (DTI) en die Duitse Bank aan Creating Hope Africa;

- Dat ‘n voedselverwerkingsaanleg gevestig sal word in Piketberg op;
- Dat die opleiding aan plaaswerkers 30% teorie en 70% prakties sal bevat;
- Dat opleiding aan plaaswerkers SETA geakkrediteer is;
- Dat ‘n plaas gevestig sal word in Porterville waar akwaponikaboerdery-metodes toegepas gaan word;
- Dat alle kleinskaalboere by die projek betrokke kan wees en dat 113 reeds geregistreer is;
- Dat alle huishoudings wat oor agterplaas-grond beskik, kan deelneem aan die projek.

Vrae/insette/kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

Die Uitvoerende Burgemeester bedank die Bestuurder: Strategiese Dienste vir die uitstekende werk gelewer in hierdie verband.

**BESLUIT**

1. Dat die Bestuurder: Strategiese Dienste die voorlegging elektronies aanstuur vir die Uitvoerende Burgemeesterskomiteelede en die Direksie;
2. Dat die Bestuurder: Strategiese Dienste die name van die ingeskrewe kleinskaalboere voorsien aan die Uitvoerende Burgemeesters-komiteelede; en
3. Dat die Bestuurder: Strategiese Dienste op ‘n gereelde basis terugvoer gee aan die Uitvoerende Burgemeesterskomiteelede oor die vordering van die projekte op Piketberg, Porterville en in die res van Bergrivier Munisipale gebied.

***BESTUURDER: STRATEGIESE DIENSTE***

***

**BKN011/02/2019**
**MONITERING VAN WATERKRISIS**
**16/1/1**
***(Die Direkteur Tegniese Dienste lê ‘n verslag ter tafel – Bylae A)***

Die Direkteur Tegniese Dienste gaan puntsgewys deur die verslag, soos voorgelê.

Die stand van die damme in die Wes-Kaapse Watervoorsieningsnetwerke is soos volg;

| DAM | PERSENTASIE |
|---|---|
| Bergrivierdam | 79% |
| Theewaterskloof | 44% |
| Voëlvlei | 72% |

Die gemiddelde persentasie van die damvlakke is tans 57% vol.

Insette/vrae/kommentaar word gelewer deur die Komiteelede.

Ten slotte noem die Direkteur Tegniese Dienste dat die waterverliese vir Bergrivier Munisipaliteit tans staan op 6.92% per maand.

**KENNIS GENEEM**

***(Die Hoof: Sekretariaat & Rekordsbestuur en die kandidate vir die Senior Tikster vakature verlaat die vergadering om 11:55)***

***

**BKN012/02/2018**
**<u>AD HOC AMENDMENT OF BERGRIVIER MUNICIPAL SPATIAL DEVELOPMENT FRAMEWORK (MSDF) 2012-2017: INCLUSION OF PORTION 1 OF FARM 54, VLAMINKE VLEI</u>**
**15/1/5/9**

Die Uitvoerende Burgemeesterskomitee maak die onderstaande aanbeveling aan die Raad vir oorweging/besluitneming.

**<u>RECOMMENDATIONS: TO BE RESOLVED BY THE COUNCIL</u>**

1. That Council give direction on the inclusion of Portion 1 of Farm 54, Vlaminke Vlei into the urban edge as delineated for Velddrif/Laaiplek by refusing the recommendations made by CK Rumboll and Partners in their report; and
2. That notice of Council's decision to adopt the final draft, with amendments, be given in the media and the Provincial Gazette within 14 days of this resolution.

***

**BKN013/02/2019**
**<u>MUNICIPAL SPATIAL DEVELOPMENT FRAMEWORK (MSDF) *NEW 5 YEAR* MSDF 2019-2024: FINAL DRAFT</u>**
**15/1/5/9**

Die Uitvoerende Burgemeesterskomitee maak die onderstaande aanbeveling aan die Raad vir oorweging/besluitneming.

**<u>RECOMMENDATIONS: TO BE RESOLVED BY COUNCIL</u>**

1. That Council adopt the final draft of the new 5 year Bergrivier MSDF 2019-2024, as required in terms of Section 6.(9) of the Bergrivier Municipality: By-Law Relating to Municipal Land Use Planning, as amended on 6 April 2018; and
2. That notice of Council's decision to adopt the new 5 year Bergrivier MSDF 2019-2024 be given in the media and the Provincial Gazette within 14 days of this resolution.

***

**BKN014/02/2019**
**<u>PORTERVILLE EN PIKETBERG MEENT</u>**
**7/2/3/2; 2/29; 41**

Die Uitvoerende Burgemeester lei die item in en na bespreking word die volgende besluit geneem:

**<u>BESLUIT</u>**

***BESTUURDER BEPLANNING & OMGEWINGS-BESTUUR***

1. Dat die item terugverwys word na die Bestuurder: Beplanning en Omgewingsbestuur vir verdere inligting;
2. Dat die item dien by die volgende Uitvoerende Burgemeesterskomitee vergadering vir bespreking en oorweging; en

3. Dat Raadslede Daniels en Du Plooy uitklaring kry vanaf Porterville Gemeenskapsvergadering oor die aanwending van onderverhuring.

***

**BKN015/02/2019**
**KANSELLASIE VAN KOOPOOREENKOMS, TERUG TRANSPORTEER VAN ERF 4186, PIKETBERG EN RUIL TRANSAKSIE VIR ALTERNATIEWE GROND**
**P. 4186; 15/3/1**
***( 'n Gewysigde verslag word ter tafel gelê – Bylae B)***

Raadslid Daniels lei die item in, waarna hy die gewysigde aanbeveling aan die Komitee voorlees.

Uiteenlopende insette/kommentaar word gelewer deur die Uitvoerende Burgemeesterskomiteelede.

**AANBEVELINGS: VIR BESLUITNEMING DEUR RAAD**

1. Daar is nie tans alternatiewe geskikte gesoneerde grond vir kerkdoeleindes nie;
2. Dat alternatiewe aanbiddingserwe in Piketberg geïdentifiseer word en met die Mount Olive Community Church (MOCC) onderhandel word, binne die wetgewing en die Voorsieningskanaalbestuursbeleid; en
3. Na afhandeling van punt 2, en indien nodig die koopooreenkoms van Erf 4186 Piketberg gekanselleer word en toestemming verleen word dat Erf 4186, Piketberg terug transporteer aan Bergrivier Munisipaliteit onderhewig aan die volgende voorwaarde:
   - 3.1 Mount Olive Community Church verantwoordelik sal wees vir die oordragkoste;
   - 3.2 Dat die koopsom waarteen die eiendom verkoop was aan Mount Olive Community Church terugbetaal word;
4. Dat `n lys van bestaande privaat aanbiddingserwe aan Mount Olive Community Church beskikbaar gestel word; en
5. Dat dit verwys word na die Begrotingsloodskomitee vir verdere bespreking.

***

**BKN016/02/2019**
**VERSOEK VIR AFSTAND DOEN VAN EIENDOMSREG: 'N GEDEELTE VAN PUBLIEKE OOPRUIMTE ERF 706, PIKETBERG**
**7/2/3/1**

Raadslid Daniels lei die item in, waarna hy die aanbeveling aan die Komitee voorlees.

Die Uitvoerende Burgemeester deel `n bekommernis dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee onbewus is van die aantal erwe wat in Bergrivier Munisipaliteit resorteer, waarop Bergrivier Munisipaliteit eiendomsregte het.

Hy versoek dat `n lys van erwe waarop Bergrivier Munisipaliteit eiendomsregte het, by die Uitvoerende Burgemeesterskomitee voorgelê moet word.

Die Onderburgemeester stel voor dat die erf teruggeneem word en op Bergrivier Munisipaliteit se naam registreer word en die regskostes gedra word.

**BESLUIT**

1. Dat die item terugverwys word na die volgende Uitvoerende Burgemeesterskomitee vergadering wat sal plaasvind op Dinsdag 26 Februarie 2019; en

2. Dat `n lys van erwe waarop Bergrivier Munisipaliteit eiendomsregte het by die volgende Uitvoerende Burgemeesterskomitee voorgelê word.

***BESTUURDER BEPLANNING & OMGEWINGSBESTUUR***

***

**BKN017/02/2019**
**THE REQUEST TO LIST THE RESPECTIVE PUBLIC LAUNCH SITE**
**17/12/8**

Councillor Daniels gave a brief summary of the item under discussion.

**RECOMMENDATION: TO BE RESOLVED BY COUNCIL**

That Council support the request for the Port Owen Marina launch site to be listed and registered as a public launch site in Port Owen to ensure compliance with National Environmental Legislation by Bergrivier Municipality. To support the request letter for approval from the National Minister to charge a launching fee for this site once listed.

***

**BKN018/02/2019**
**MONTHLY BUDGET STATEMENT: DECEMBER 2018**
**5/1/B, 5/1/1**

**RECOMMENDATION: TO BE NOTED BY COUNCIL**

That Council notes the monthly budget statement and supporting documentation for December 2018.

***

**BKN19/02/2019**
**WERKSBESOEK VANAF BERGRIVIER MUNISIPALITEIT AAN HEIST-OP-DEN-BERG, BELGIË GEDURENDE MAART/APRIL 2019**
**9/1/2**

Die Munisipale Bestuurder lei die item in en gee agtergrond oor die item.

Verskeie insette/kommentaar word gelewer deur die Uitvoerende Burgemeesterskomiteelede.

Raadslid Wessels bedank die Uitvoerende Burgemeester, Munisipale Bestuurder en Direkteur Gemeenskapsdienste vir die bydrae wat deur hulle gemaak is vir die uitruilstudente.

**BESLUIT**

1. Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee kennis neem van die beplande werkstoer na België;
2. Dat die Burgemeesterskomitee die bywoning van die werkstoer/besoek deur die Uitvoerende Burgemeester en die Munisipale Bestuurder goedkeur;
3. Dat die reis- en verblyftoelae ooreenkomstig die Raad se goedgekeurde reis- en verblyfbeleid betaal word vanaf die dag van vertrek tot en met hulle terugkeer in Suid-Afrika;
4. Dat die visumgelde vir bogenoemde besoek van die Uitvoerende Burgemeester deur die Raad betaal word (die Munisipale Bestuurder het ‘n geldige Schengen visum); en
5. Dat die delegasie versoek word om skriftelik terugvoer te gee (en/of by wyse van ‘n foto aanbieding) aan die Burgemeesterskomitee na afloop van die werksbesoek.

***MUNISIPALE BESTUURDER***

***

**BKN20/02/2019**
**BERGRIVIER MUNISIPALITEIT BEURSFONDSBELEID**
**9/1/2**
***(‘n Verslag word ter tafel gelê – Bylae C)***

Die Uitvoerende Burgemeester lei die item in en gee agtergrond oor die item.

That the Bursary fund policy (Beursfondsbeleid) be amended as follow:

**RESOLUTION**

That the following amendments be made to the policy:

7.2 *The Committee will consist of the three Mayco Councillors (Mario Wessels, Sandra Crafford and Adam du Plooy) as well as the Corporate Services Chairperson (Section 79) with administrative support from the Human Resource Officer: Training and Development.*

***DIRECTOR CORPERATE SERVICES***

***

**BKN021/02/2019**
**BUDGET REGARDING PROJECTS INCLUDED IN MUNICIPAL BUDGET 2019/2020 AND 2020/2021**
**9/1/2**

The Municipal Manager gave a brief background to the item under discussion. to be resolved by the Executive Mayoral Committee .

**RESOLUTION**

That the following MIG projects be for the adjusted DPIP 2019/2020 and 2020/2021 by Council:

**2019/2020 MIG Projects:**

| | |
|---|---|
| • PMU | : R 727 400 |
| • VD St Christopher Pump Station | : R 5 091 698 |
| • PV Disa Street Sewer Line | : R 1 893 842 |
| • PB Upgrade of Stormwater | : R 3 035 060 |
| • EK Upgrading of Roads | : R 1 000 000 |
| • AUR Upgrading of Roads | : R 1 300 000 |
| • RH Upgrading of Roads | : R 1 500 000 |
| **TOTAL** | **R 14 548 000** |

**2020/2021 MIG Projects**:

| | |
|---|---|
| • VD Upgrading of Roads | : R 3 452 000 |
| • VD St Christopher Sewer | : R 5 646 283 |
| • EK Upgrading of Roads | : R 1 500 000 |
| • PB Hardening of pavements | : R 1 968 517 |
| • PV Upgrading of Roads | : R 1 800 000 |
| • PMU | : R 756 200 |
| **TOTAL** | **R 15 124 000** |

***DIRECTOR TECHNICAL SERVICES***

***

**BKN022/02/2019**
**GRYS AREAS TUSSEN DIE ONDERSKEIE DIREKTORATE EN DIE TEGNIESE DIREKTORAAT**
**9/1/2**

Raadslid Wessels lei die item in en gee agtergrond oor die item vir oorweging deur die Uitvoerende Burgemeesterskomitee.

Verskeie insette/kommentaar word gelewer deur die Uitvoerende Burgemeesterskomiteelede.

**BESLUIT**

Dat die Uitvoerende Burgemeesterkomitee kennis neem van die Grys Areas tussen die onderskeie Direktorate en die Tegniese Direktoraat.

***DIREKTEUR TEGNIESE DIENSTE***

***

**BKN023/02/2019**
**HANTERING VAN KAPITAAL PROJEKTE**
**9/1/2**

**BESLUIT**

Dat die item terugverwys word na die Formele Direksievergadering van Maandag 25 Februarie 2019.

***MUNISIPALE BESTUURDER & DIREKTEURE (25/02/2019)***

***

**BKN024/02/2019**
**DEBITEUR VERSLAGDOENING**
**9/1/2**

Die Uitvoerende Onderburgemeester lei die item in en gee agtergrond oor die item vir oorweging deur die Uitvoerende Burgemeesterskomitee.

Verskeie insette/kommentaar word gelewer deur die Uitvoerende Burgemeesterskomiteelede.

Die Uitvoerende Burgemeester versoek dat `n verslag voorgelê word met die inligting van die hoeveelheid koopkrag wat verkoop word deur die verskillende verkoopspunte (vendors) in die Bergriver Munisipale gebied.

**BESLUIT**

1. Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee die addisionele aksieplan ten opsigte van Inkomste Bestuur aanvaar en dat dit met die publiek gekommunikeer word;

2. Dat die "Key Performance Areas" met betrekking tot debiteure invordering meer gedetailleerd aangeteken word in die SDBIP;

***DIREKTEUR FINANSIËLE DIENSTE***

3. Dat die Direkteur Finansiële Dienste met die Voorsitter van die Begrotingsloodskomitee konsulteer om 'n aksieplan saam te stel ten opsigte van `n volhoubare invorderingskoers rakende die uitstaande debiteure;

4. Dat die moontlikheid ondersoek word om SMS'e uit te stuur met betrekking tot die verspreiding/vereffening van diensterekeninge;

5. Dat die Bestuurder: Inkomste die moontlike plasings van diensterekeninge op die webtuiste opper by die IT-Komitee en terugvoer gee by die volgende Finansiële Dienste Komitee;

***DIREKTEUR FINANSIËLE DIENSTE***

6. Dat verdere ondersoeke gedoen moet word oor "Auxiliary" gevalle en die definiëring van die totale agterstallige skuld teen Maart 2019/April 2019; en

7. Dat die Bestuurder: Finansiële State en Beheer ondersoek instel oor die staatskulde, soos gelys in die Budget Monthly Statement teen Maart 2019/April 2019.

***

**BKN025/02/2019**
**SUPPLY CHAIN MANAGEMENT IMPLEMENTATION REPORT: NOVEMBER & DECEMBER 2018**
**9/1/2**

Die Direkteur Gemeenskapsdienste noem dat hy met die Hoofklerk: Bates en Versekering in gesprek was rakende die brand by Rhino Sportgronde, (Piketberg) en dat hulle Bergrivier Munisipaliteit se Versekeringsmakelaar daarvan in kennis gestel het.

Die Direkteur Korporatiewe Dienste versoek dat die aanbevelingsverslag van die Assesor aan die Uitvoerende Burgemeesterskomiteelede versprei word.

**RESOLUTIONS**

1. That the Executive Mayoral Committee approved the report on the implementation of the Supply Chain Management Policy, and
2. That the contents of the report be accepted and be made public in accordance with Section 21A of the Municipal Systems Act.

***DIREKTEUR FINANSIËLE DIENSTE***

***

**BKN026/02/2019**
**BERGRIVIER HERSIENE SPORTBELEID**
**9/1/2**

Raadslid du Plooy lei die item in en gee agtergrond oor die item.

Die onderstaande kwessies word uitgelig met betrekking tot noodgevalle wat mag ontstaan by sportgronde:

- Dat daar probleme is rondom die toegang tot die geboue by sportgronde vir die Munisipale amptenare;
- Dat probleme ondervind word met betrekking tot die toegang met die gebruik van sportgronde; en
- Dat die sokkerklubs nie toegang het tot die geboue by die sportgronde nie.

Verdere insette/kommentaar word gelewer deur die Uitvoerende Burgemeester, Uitvoerende Onderburgemeester, Munisipale Bestuurder, Raadslid Wessels en die Direkteur Gemeenskapsdienste.

**BESLUIT**

1. Dat die Direkteur Gemeenskapsdienste en Raadslid du Plooy `n gesprek voer met die Bergrivier Sportraad oor die toegang tot sportgronde en die beheer van die sleutels; en
2. Dat alle sportvelde oopgestel word vir die sokkerklubs onderwyl klarigheid verkry word waarom toegang aan hulle geweier is deur die Bergrivier Sportraad en dat verdere gesprekke met Bergrivier Sportraad gevoer word deur die Direkteur Gemeenskapsdienste en Portefeulje Voorsitter vir terugvoering aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee.

***DIREKTEUR GEMEENSKAPS-DIENSTE***

***

**BKN027/02/2019**
**SOCIAL MEDIA POLICY**
**2/B**

The Municipal Manager gave a brief background to the item under discussion.

**RESOLUTIONS**

1. That the Executive Mayoral Committee adopts the Social Media Policy as tabled in terms of the legal framework as mentioned in the report;
2. That the Social Media Policy be implemented with immediate effect; and
3. That the approved policy be published on the municipal website, sent to all employees with access to computers via e-mail and a link be posted on the Bergrivier Municipality Facebook page.

***HEAD: COMMUNICATIONS (14/02/2019)***

***

**BKN028/02/2019**
**PMU & BUILDING CONTROL – DECEMBER 2019**
**9/1/2**

**RESOLUTION**

That Council and the Technical Services Portfolio Committee acknowledges the progress of MIG, EPWP and BUILDING CONTROL projects and approve the report of the Branch, PMU & BUILDING CONTROL.

***DIRECTOR TECHNICAL SERVICES***

***

**BKN029/02/2019**
**PROJEK IDENTIFISERING: EKSTERNE BEFONDSING**
**9/1/2**

Raadslid Wessel lei die item in gee breedvoerig agtergrond oor die item vir oorweging deur die Uitvoerende Burgemeesterskomitee.

Aanvullende insette/kommentaar word gelewer deur die Direkteur Tegniese Dienste.

**BESLUIT**

Dat die Projekbestuurder die projekte soos in die verslag geïdentifiseer, volgens prioriteite ten minste 'n jaar vooraf aansoek doen vir die projekte wat vir die volgende jaar beplan word, met die oog om addisionele befondsing vir die projekte te bekom.

***DIREKTEUR TEGNIESE DIENSTE***

***

**BKN030/02/2019**
**TERUGVOERING: SALGA: INTERGOVERNMENTAL RELATIONS**
**9/1/2**

**BESLUIT**

Dat die item: Terugvoering: Salga: Intergovernmental Relations slegs vier keer per jaar na afloop van die SALGA-werksgroepe op die Uitvoerende Burgemeesterskomitee agenda geplaas word vir terugvoer vanaf die Intergovermental Relations(IGR).

***DIREKTEUR KORPORATIEWE DIENSTE***

***

**BKN031/02/2019**
**EERSTE DRINGENDE SAAK VANAF DIE MUNISIPALE BESTUURDER: OPRIGTING VAN WENDY HUISE EN HOKSTRUKTURE BINNE BERGRIVIER MUNISIPALITEIT**
**9/1/2**

Die Direkteur Tegniese Dienste lei die item in en lees die gewysigde aanbeveling voor aan die Komitee.

**BESLUIT**

1. Dat 'n moratorium geplaas word tot einde Junie 2019 op die oprigting van alle wendy- en informele strukture binne die regsgebied van Bergrivier Munisipaliteit;
2. Dat streng wetstoepassing gedurende hierdie tyd toegepas word;
3. Dat daaglikse inspeksies deur die Wetstoepassingsbeamptes veral in die kwesbare gebiede uitgevoer word;
4. Dat inspeksies gesamentlik deur die Wetstoepassingsbeamptes en Boubeheerbeamptes ten minste eenkeer per week in die gebiede uitgevoer word;
5. Dat 'n maandelikse verslag vir die genoemde tydperk voor die Tegniese Dienste en Gemeenskapsdienste Staande Komitees onderskeidelik sal dien;
6. Dat 'n SOP opgestel word om te verseker dat daar voldoende beheer toegepas word rakende die oprigting van onwettige strukture; en
7. Dat 'n kennisgewing tot dien effek aan die betrokke gemeenskappe uitgestuur word.

***DIREKTEUR TEGNIESE DIENSTE***

***

**BKN032/02/2019**
**NOTULE VAN DIE BODTOEKENNINGSKOMITEE VIR KENNISNAME**
**8/1/1**

Geen

***

**BKN033/02/2019**
**WYKSKOMITEES: KENNISNAME / BESPREKING VAN VERSLAE EN NOTULES**
**3/2/1/3**

Geen

***

**BKN034/02/2019**
**IN KOMITEE: AANBEVELINGS EN VERSLAE VOORGELÊ VIR OORWEGING DEUR DIE RAAD**

Geen

***

**BKN035/02/2019**
**IN KOMITEE: BESLUITE INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID EN ITEMS WAARVAN KENNIS GENEEM IS**

Geen

***

**BKN036/02/2019**
**IN KOMITEE: NOTULES VAN DIE OPLEIDINGSKOMITEE SE VERGADERING VIR OORWEGING / KENNISNAME**

Geen

***

**BKN037/02/2019**
**IN KOMITEE: NOTULES VAN DIE ARBEIDSFORUM SE VERGADERING VIR OORWEGING / KENNISNAME**

Geen

***

***DIE VERGADERING VERDAAG OM 12:55***

*HIERMEE BEVESTIG EK DIE ONDERGETEKENDE DAT HIERDIE NOTULE SOOS BEKRAGTIG 'N WARE WEERGAWE IS VAN DIE VERRIGTINGE*

______________________________ ____________________

***VOORSITTER*** ***DATUM***
***(UITVOERENDE BURGEMEESTER)***

***